# Resensie


- Van Wyk, J.H. 1999. Lewe in liefde. Moraliteit vir die markplein. Potchefstroom : PU vir CHO.
  (*S.A. Strauss*) ..... 615


# Boekbekendstellings


- Jonker, Louis. 2000. Hierdie God … telkens weer nuut. Kaapstad : Lux Verbi. ..... 617
- Nell, Ian. 2000. Ons ware ID is Jesus. Kaapstad : Lux Verbi. ..... 617
- Van der Merwe, Michiel. 2000. Dag na dag dra God ons (met kanker en al). Kaapstad : Lux Verbi. ..... 618
- Meyer, Ockert. 2000. Die heelheid van gebrokenheid. Kaapstad : Lux Verbi. ..... 618
- Odendaal, Andries. 2000. Here, ek begeer U meer. Kaapstad : Lux Verbi. ..... 619

# Resensie

**VAN WYK, J.H.** 1999. **Lewe in liefde. Moraliteit vir die markplein**. Potchefstroom : PU vir CHO. (IRS. Reeks F2, nr. 73.) 95 p. Prys: R 35.00. ISBN 1-86822-354-X.

**Resensent:** *S.A. Strauss*
(Fakulteit Teologie, UVS)

Die skrywer meld in die voorwoord dat hy met hierdie publikasie voldoen aan ’n versoek van die IRS om ’n bundel oor aktuele temas saam te stel. In dié hoofdoel is geslaag, want allerlei brandende aktuele onderwerpe kom aan die orde: die veranderende Suid-Afrika, die regte Skrifuitleg, aborsie, prostitusie, kloning, versoening, verset ensomeer. Baie van die artikels het al voorheen in tydskrifte verskyn, maar sommige word in dié bundel vir die eerste keer gepubliseer.

Uiteraard moet die leser geen omvattende behandeling van die temas verwag nie. Dit was ook nie die bedoeling nie. Kort en kernagtig, maar deeglik verantwoord kry ’n mens hier waardevolle Christelike riglyne om jou in allerlei etiese beslissings te help. Daarin lê juis die sterk punt van hierdie publikasie.

Sommige hoofstukke is in die kol. Ek dink aan iets soos “Gesprek oor middelmatige en fundamentele sake”. Die skrywer formuleer wesenlike beginsels kernagtig en op trefseker en helder wyse.

Die skrywer, bekend soos hy is, handhaaf natuurlik deurgaans sy gereformeerde uitgangspunte. Daarby kom ook sy kenmerkende “dierbaarheidjies” weer aan die bod: (gedeeltelike) pasifisme en (dees-dae veral) sy waardering vir die Waarheids- en Versoeningskommissie. Laasgenoemde beslaan nogal so ’n substansiële deel van die publikasie dat ’n mens begin wonder of dit nie juis dié tema was wat aanleiding tot die saamstel van die bundel gegee het nie. Dit sou jammer wees, want almal stem beslis nie saam met die skrywer se interpretasie van dié omstrede saak nie – selfs nie eens dat dit só ’n belangrike plek verdien nie.

Vir my was die lees van die bundel waardevol. Maar ’n mens vra jouself wel af of dit veel belangstellng sal wek. Dit moet na my mening daaraan gewyt word dat daar nie een of ander sentrale tema, as saambindende faktor, figureer nie.

# Boekbekendstellings

**Jonker, Louis.** 2000. **Hierdie God … telkens weer nuut**.
Kaapstad : Lux Verbi. 70 p. Prys: R 28,95.
Navrae: Margot Luyt (mlu@luxverbi-bm.co.za).

In hierdie reeks met 12 studies neem Jonker ses verskillende hooftemas in die Bybel (hoofsaaklik uit die Ou Testament) en wys hoe die uitleg van dieselfde Bybelgedeeltes in verskeie fases van die heilsgeskiedenis verskillend verstaan en vertolk is; hoe dieselfde God in verskillende tye en kulture verskillend beleef is – al het Hy deurgaans dieselfde gebly. Jonker wys dus dat Skrifinterpretasie vandag ook nie staties kan wees nie, maar 'n dinamiese proses is, omdat elke geloofsgemeenskap probeer sin maak van God en sy Woord vir hulle unieke tyd en omstandighede. Jonker vertel byvoorbeeld waarom daar twee skeppingsverhale in die Bybel voorkom, wanneer dit tot stand gekom het, en waarom dit destyds so geskryf is.

**Nell, Ian.** 2000. **Ons ware ID is Jesus**. Kaapstad : Lux Verbi. 70 p.
Prys: R 28,95. Navrae: Margot Luyt (mlu@luxverbi-bm.co.za).

Daar het nog 'n opwindende toevoeging tot Lux Verbi.BM se betroubare en gewilde Bybelstudiereeks verskyn. In *Ons ware ID is Jesus* bied Ian Nell troosvolle inhoud met gesonde teologiese onderbou.

"Ons leef in 'n wêreld wat koersloos en sonder uitsig voortsnel na die einde van die tweede millennium ná Christus. Mense verdwaal in sinloosheid. Die dood het skynbaar oor alles die laaste sê …". So begin hierdie aangrypende reeks van 10 Bybelstudies vir mense wat hulself radeloos afvra: "Ek is … wie?" Deur hierdie studies sal diesulkes weer lewensin kan vind.

Dr. Ian Nell is predikant in die makrogemeente Sonstraal in Durbanville asook die redakteur van BUFTON se Preekstudies-reeks vir predikante sowel as Lux Verbi.BM se voorgenome dagboek: *Seisoene in God se jaar*.

**Van der Merwe, Michiel.** 2000. **Dag na dag dra God ons (met kanker en al)**. Kaapstad : Lux Verbi. 120 p. Prys: R 39,95.
Navrae: Margot Luyt (mlu@luxverbi-bm.co.za).

Om van jou dokter te moet hoor jy het kanker, is ’n groot skok en die siekte beïnvloed almal wat betrokke is by die pasiënt. Kankerlyers, hul gesinne, vriende en familie voel gewoonlik dat hulle nie toegerus is om die siektetoestand en alles wat daarmee gepaard gaan, te hanteer nie. *Dag na dag dra God ons (met kanker en al)* van dr. Michiel van der Merwe is ’n bundel met 52 groepbybelstudies wat spesiaal geskryf is om hiermee te help. Die skrywer – wat baie betrokke is by ’n kanker-ondersteuningsgroep – kyk sensitief, maar eerlik na die tergende vrae waarmee hierdie persone worstel. Die geestelike knelpunte wat dikwels in hierdie tyd ervaar word, word met groot insig en wysheid hanteer.

Hierdie boek sal dus ’n betekenisvolle geskenk wees vir kankerpasiënte, -beraders, -ondersteuningsgroepe, -terapeute en die naasbestaandes van kankerlyers.

**Meyer, Ockert.** 2000. **Die heelheid van gebrokenheid**.
Kaapstad : Lux Verbi. 112 p. Prys: R 45,95.
Navrae: Margot Luyt (mlu@luxverbi-bm.co.za).

*Die heelheid van gebrokenheid* gaan terug na gebeure soos deur Jesaja vertel, wat ooreenstem met situasies waarin ons ons tans bevind. Hieruit bring die skrywer ’n aangrypende boodskap vir Christene in die 21ste eeu wat voel dat die kerk dikwels koud staan teenoor die nood in ons verwikkelde wêreld; dié wat bekommerd is oor die geloofwaardigheid van Christene en vir dié wat wonder: waarheen met die kerk van Jesus Christus vir vandag.

Omdat Meyer se skryfstyl so gemaklik, vloeiend en onopgesmuk is, is hierdie publikasie nie net geskik vir predikante nie, maar ook vir fyn-proewerlewers, Bybelstudiegroepe en studente.

**Odendaal, Andries.** 2000. **Here, ek begeer U meer**.
Kaapstad : Lux Verbi. 184 p. Prys: R 59,95.
Navrae: Margot Luyt (mlu@luxverbi-bm.co.za).

*Here, ek begeer U meer* van Andries Odendaal handel oor die *Ek is*-uitsprake van Jesus.

Die mikpunt van dié studiegids is om die leser of leerder te help om sy/haar kennis van Christus te verdiep. Dit is uiters geskik vir Bybelstudiegroepe, gemeentes asook vir predikante wat op soek is na nuwe stimulasie vir preekstof oor die onderwerp.

Andries Odendaal was jare lank in die bediening, maar ook betrokke by die akademie. Hy is ook die projek-koördineerder van die vertaling van die Bybel in Sotho.